Waterkruik

JAARGANG 54 NO 38 1 Oktober 2017

DIENSBEURTE

Vandag: Wyke 9 & 10

Ouderlinge: Jasper Steyn en Charles Horn
Diaken: Dian van der Walt

Volgende Sondag: Wyke 11 & 12

Ouderlinge: Jantus van der Linde en Johan van Staden
Diaken: Braam Smit

KOLLEKTE BY DIE DEURE

Vandag en volgende Sondag **:** Kerkkas.

TEESKINKBEURTE

Daar is vir die volgende 2 Sondae selfhelptee en -koffie by die deurgeeluik van die kombuis beskikbaar.

KATKISASIE SLUIT

As gevolg van die skoolvakansie sal daar eers weer op 15 Oktober katkisasie wees.

BYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroepe vergader eers weer op Donderdag 9 November.

"19 Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie.

23 Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!"

1 Tessalonisense 5

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die gebooie van die Here." Ps. 112:1

Dinsdag 3 Oktober
Lea Beukes (2) 082 445 8654

Woensdag 4 Oktober
Br. Pieter du Plooy 083 234 6350

Donderdag 28 September
Sr. Johanna Nel 083 555 7785

Vrydag 6 Oktober
Br. Ferdie Pelser 083 441 2572

Saterdag 7 Oktober
Br. Louwrens Dreyer 083 459 4905
Johannes Kumm (1) 083 492 8227

MEELEWING

Sr. Anne Labuschagne sterk tuis aan na die prosedure wat sy ondergaan het. Ons bid dat jy gou weer sterk sal wees. 076 872 9307

,
Die jongman, *Emile Oosthuizen*, het in 'n spelery sy sleutelbeen gebreek. Mag die breuk gou en volkome herstel. 082 821 2877

Hartlik geluk aan *Hendrik en Martie Coetzee* wat vir die 8ste keer oupa en ouma geword het van 'n kleindogter. Hulle kuier in Nieu-Seeland waar die babatjie vandag in die Afrikaanse Christenkerk Auckland gedoop. Mag sy vir julle en julle kinders baie vreugde verskaf.

"God vra van ons nie net 'n belydenis met ons lippe nie, maar 'n lewe wat totaal aan Hom gewy word. Ons belydenis en ons leweswyse mag mekaar nooit weerspreek nie. "

~Bybel in Praktyk, p 1296~

KAN JY HELP?

Op 2 Augustus was daar 'n EFT-betaling op die kerk se rekening vir R1500 sonder naam of verwysing. Skakel my asb as dit dalk jou betaling is. Nienke 012 460 6925



KOM ONS LEER GOD DEUR DIE BYBEL KEN (4)

God is almagtig: "*Ag Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur U groot mag.Niks is vir U onmoontlik nie. U bewys U troue liefde aan duisende geslagte, maar U straf kinders vir die sondes van hul ouers. Groot en magtige God, U naam is Here die Almagtige"* (Jeremia 32:17-18)

God is soewerein: *"Die grootheid Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op die aarde. Aan U, Here, behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe. Van U kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag word deur U geskenk, en dit berus by U om enigiemand groot en sterk te maak"* (1 Kronieke 29:11-12)

God is ons Vader: *"Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie, en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba!' Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan Sy lyding, sal ons ook deel hê aan Sy heerlikheid"* (Romeine 8:15-17)

OPVOERING: *UIT DIEP VAN DONKER NAGTE*

Hierdie opvoering handel oor die gebeurtenisse ten tyde van die **Hervorming 500 jaar** gelede.
Dit sal 'n dokumentêre vertelling wees saam met toneelspel, ensemblesang, kamermusiek, orreluitvoering en deelname deur die gehoor.
Die opvoering vind op 25, 26, 27 en 28 Oktober in die kerkgebou van die GK Centurion plaas.U moet nie wag om kaartjies te koop nie want veral die Vrydagaand en Saterdagaand se **kaartjies is byna almal uitverkoop.**
U kan kaartjies bespreek/koop op die internet by https://tickets.tixsa.co.za/event/udvdn of navraag doen by navraeddn@gmail.com

Ons gemeente het 'n aantal kaartjies vir beide opvoerings gekoop. Om teleurstelling te voorkom, skakel Nienke by ons Kerkkantoor 012 460 6925 om kaartjies te bekom.

FONDSINSAMELING VIR ONDERSTEUNING AAN DIE PRESIDENT KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA

Saterdag 14 Oktober om 17:00 op ons (Waterkloofrand) Kerkterrein. Ondersteun ons in die projek aangebied deur die Vriendekring van die Kinderhuis met vermaak vir die hele gesin.

Craft Bier & Burger-pairing @ R150 per volwassene met vyf glase bier en vyf burgers met verskeidenheid van vulsels ingesluit, aangebied deur Ampie Kruger, eienaar van Wild Clover Breweries van Stellenbosch.
Burgers & sap/soda vir kinders onder 12 @ R50.00 met vermaak aangebied deur die senior kinders en personeel van die Kinderhuis.

Korporatiewe tafels beskikbaar @ R3 000 per tafel van 10 persone. (3 korporatiewe tafels beskikbaar met ekstra drinkgoed en happies op die tafel)

PROGRAM:
Bier & Burger-pairing, veiling en gesellige kuier met musiekvermaak voor en na die proe vir die volwassenes en vermaak vir die kinders.

Navrae gerig aan Marianna du Plessis by Marianna.duplessis@gmail.com (Waterkloofrand gemeente) vir kontantbydraes of aanbied van items vir veiling (wegbreeknaweke, tyddeel en enigiets met opveilwaarde)
Kaartjies: Lihana van der Walt (Wapadrant Gemeente) by 082 826 1552 of direk deur Quicket – http://qkt.io/4dGro6

ALLERLEI

ORRELKONSERT
Martin Mans, wêreldbekende Nederlandse orrelis, tree Woensdag 11 Oktober 2017 om 19:00 op in die gebou van die Gereformeerde Kerk Rietvallei (Umgenistraat 359, Erasmuskloof, Pretoria). Laerskool Constantiapark se seniorkoor (wenners van 2016 se Sing-in- Harmonie-kompetisie) tree ook op. Kaartjies is R100 vir volwassenes en R50 vir skoolkinders.
Kontak Grace Versteeg by 083 276 1767 of graceversteeg@gmail.com vir meer inligting.

KERKGROEI-KONFERENSIE
Expando en die GK Pretoria-Noord nooi u uit na die **Kerkgroei-konferensie** DV op **14 Oktober 2017** vanaf 8:00.

Die tema is: ***Só groei gesonde gemeentes!***
Program:
8:00 – 8:30: Registrasie
8.30- 9.15: **Verwag die wederkoms só om te kan groei!** – Dr. Malan van Rhyn
9:15 – 10:30: **Kerkgroei en geld?!** (Wat is nie nodig nie, wat is nodig en hoe doen ek dit?) Dr. Griffel van Wyk
10.30 – 11.00 Koffie, tee en verversings
11.00-12.30 **Lyk só om te kan groei!** – Prof Stephan Joubert
12:30 Afsluiting
Plek: Gereformeerde Kerk Annlin, H/v Braam Pretoriusstraat en Kaneelbaslaan, Wonderboom, Pretoria. S25.41.00.9 O28.12.14.9
Koste: R 50 pp, betaal by die deure.

Bespreek op facebook-blad ***GKSA Kerkgroei*** of per e-pos by mvanrhyn@telkomsa.net.

"Vind jou sekerheid in wat God doen – nie in wat jy doen nie. Dan kan jy ewig seker wees. Jy is veilig by die Here. Hy gee jou nie oor aan die dood nie. Ons Here Jesus het in ons plek gesterf. Hy het die dood oorwin. Ons deel in daardie oorwinning. Dit is die wonderlike troos wat ons met nagmaal het. "

~ Ds. Gerhard van Rhyn. Kerkalmanak 2017 p 347 ~

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

SKRIBA
Eddie Trollip
083 230 4245

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK.
Loutjie Coetzee
083 457 8489

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 675

e-pos kerk:nwgkw@telkomsa.net
webwerf:
www.gkwaterkloofrand.org.za

Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste van die afgelope 12 maande.

SONDAGKOSTER:
André Els: 082 828 1910

WEEKKOSTER: Nienke vd Walt: 083 398 9080

KANTOOR: Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

KANTOORURE:
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon deurgeskakel is na die selfoon.

BANKBESONDERHEDE
Kerk:
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685
Diakens:
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

PARKERING
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.

FOTO'S van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.